# STERRETJIE

11 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 16


## Dagsê,

Was dit darem nie heerlik toe die Streeptruie so gaaf gespeel het verlede naweek nie! Gortopaan sal nou maar nie verder uitbrei nie, want dan gaan ‘n paar lesers maar valerig lyk en voel, en dit wil ons tog nie hê nie. Die Cheetahs het ook darem nou weer ‘n wennetjie onder die belt, en die verloor was seker maar ‘n bitter pil vir die Leeus om te sluk. Oor die res van die Curriebeker sal daar nou maar verder geswyg word. Dan moet ons ook natuurlik baie, baie stil bly oor die Bokke se vertoning Doer Onder. Dit was darem bitter om daardie pil te sluk.
Die lente het uiteindelik aangebreek, en gelukkig het die koue sover nog weggebly. Hoop nou maar El Nino is nie te kwaai nie en dat ons eersdaags ons eerste reëntjie sal kry. Die Graad 12’s is kliphard aan die eksamen skryf, die res het Donderdag ingeval. Baie sterkte met al die leerwerk van die naweek. Hoop dis vir u lekker om saam met studerende kinders naweek te hou!

## Die Fees van die Bees

Dis alweer amper Beesfees, kan jy glo die jaar is al so ver gevorder? Sterretjie wil net graag die ouers aanmoedig om hulself beskikbaar te stel om tydens die fees te help, want, na alles is dit maar ‘n fondsinsameling wat elke ouer se sak help. As u gevra word om iewers hand by te sit, sê maar asseblief ja en help om die wa te trek. Hy kan maar soms baie swaar word. Baie dankie dat ons weet ons kan op ons ouers staatmaak.

## Beesfees – vloeibare versnaperinge.

Tydens die pas afgelope ouervergadering is daar heelwat sake van belang bespreek en Sterretie wil net graag ‘n enkele een aan ons breër ouer publiek bekend maak. Dit gaan oor die hele saak van drankgebruik deur leerders op die Beesfees. Daar is baie sterk gevoel dat daar streng teen leerders wat hulle aan hierdie misdryf skuldig maak, opgetree sal word. Die Beesfees is ‘n gemeenskapsprojek. Daarom wil Sterretjie ons ouers versoek om tog nie vir u skoolgaande kind ietsie sterks te koop of te laat koop nie. Die Beesfeeskomitee voorsitter het onderneem om saam met sy span, streng teen leerders èn volwassenes wat drank vir leerders koop, op te tree. Hy/sy sal wel eendag die kans kry om die Beesfees op daardie manier te geniet. Leerders wat hulle aan drank vergryp, plaas ‘n klad op die skool se naam. Gortopaan hoop regtig dat ons ‘n drankvrye Beesfees [onder leerders] sal hê.

## Diamantgrawers verniel

Op die 3de September speel die skool se o/15-span tuis teen Christiana. Ons wen die loot en besluit om eerste te kolf. SJ Fourie en Pieter-Jan Bezuidenhout open die beurt. Pieter-Jan verloor sy paaltjie vir 2 lopies, Deon Nel is vir 1 lopie uit, en toe kom Janna van der Linde saam met SJ voor die paaltjies. Wat ‘n fees was dit nie om die twee kolwers te sien speel nie.

SJ Fourie en Janna van der Linde – spelers van die wedstryd teen Christiana.

Hulle het pragtige, intelligente krieket gespeel. Nadat 30 beurte verstreke is, het Janna 109 nun en SJ het 75 nun.
Hulle sorg dat ons 'n totaal van 217 lopies aanteken. Net so goed as wat Stella gekolf het, was die boulwerk ook. Ons boul vir Christiana uit met 61 lopies op die telbord. Dit beteken ons wen die wedstryd met 156 lopies. Pragtig! Die manne wat sukses met die bal behaal het, was Chris Crafford met 1 vir 16 in 3, Pieter-Jan met 1 vir 7 in 3, Henko van Wyk kry 2 vir 13 in 3 beurte. SJ neem 1 paaltjie vir 17 lopies in 3 beurte, Janna neem 2 vir 3 in 2 en Nic van Biljon neem 2 vir 3 in 'n enkele beurt. Spelers van die wedstryd is Janna van der Linde en SJ Fourie.
Baie mooi manne, ons is trots op julle!

## Hokkie-bokkies sweet!

Op Woensdag, 2 September, het ons hokkie "girls" met 2 baie gelapte spanne, afgesit na Delareyville. Wat dinge nog erger gemaak het, was die feit dat ons span soms teen graad 6 dogters moes speel. Onse dametjies het egter nie geskrik nie, en baie mooi hokkie gespeel. Teen Delareyville se eerste span verloor ons 3-0. Buhrmansdrif het omtrent reuse in hul span, maar ons verloor net 0-2. Toe is Delareyville se tweede span ons volgende teenstanders, maar die beseringspook het sy draai gemaak, en die enigste graad 4 dame se bors trek toe. Abigail Mogwasi, net graad 2, moes haar plek volstaan. En volgestaan het sy! Ons verloor met 0-4.

Elizabeth van Rooy en Abigail Mogwasi – hokkie spelers van die dag.

Die speler van die dag is Elizabeth van Rooy.
Ons tweede spannetjie het hoofsaaklik uit graad 1 en 2 dogters bestaan. Party van hulle se stokke is langer as hulle-self, maar dit skrik die katte nie af nie. Hulle speel kookwater hokkie. Teen Delareyville se tweede span van die graad 4's wen ons 4-0, Lichtenburg se derde graad 4-span byt in die stof met 3-1. Ons verloor ons laaste wedstryd teen Delareyville se eerste graad 4-span, maar net met 0-1. Abigail Mogwasi is die speler van die dag vir hierdie span. Baie geluk aan die dametjies, julle hou ons naam hoog.

## Sandtrappers kyk op hul neuse!- en was dit nie lekker nie

Verlede Donderdag het die laerskool afdeling se krieketspanne met ons aartsvyande, Molopo, kragte gemeet. Die o/13's pak Molopo hier op ons tuisveld. Ons wen die loot en kolf eerste. Danie Maree en Maghiel le Roux open die beurt en kolf baie mooi. Maghiel is uit met sy totaal op 10 en Johan Cilliers op 27 baie mooi lopies

# STERRETJIE

11 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 16

Spelers van die wedstryd teen Molopo Jonathan Beck en Danie Maree.

Jonathan Beck sluit hom by Danie aan en hulle speel pragtige krieket. Jonathan teken 15 lopies nun aan, maar dit was baie meer werd as 15 lopies. Danie Maree kolf die hele beurt en teken 131nun aan. Pragtig Danie! Dit help ons om ‘n mooi totaal van 217 lopies aan te teken.

Met die boulwerk het dit net so voorspoedig gegaan. Maghiel le Roux was die groot uitblinker. Hy neem 4 paaltjies vir 4 lopies in 6 beurte. Dit wil gedoen wees! Johan Cilliers neem 2 vir 11 in 6, Welmarie Wessels neem 2 vir 4 in 3 en Jonathan Beck neem 1 vir 1 in 2 beurte. Ons boul Molopo uit vir 56 lopies en wen die wedstryd met 161 lopies. Baie geluk. Spelers van die wedstryd is Danie Maree en Jonathan Beck.

Die o/11’s het die lang pad Piet Plessis toe gevat. Daar kolf Molopo eerste en teken 114 lopies aan. Ons boulers het maar gesukkel in die sand, maar slaag tog daarin om Molopo uit te boul. Ruaan Kruger kry 1 vir 12 in 6 beurte, terwyl Dirk Cilliers, Fanie Wessels, Pieter Bezuidenhout en Japie van Rensburg ook elk 1 paaltjie neem.

Toe ons gaan kolf, het die wedstryd in ‘n naelbyt stryd ontaard. Fanie Wessels teken 26 lopies aan en hy is mooi bygestaan deur Francois Crafford met 18 en Bernard van Zyl met 12 lopies. Ons word almal uitgeboul met nog net 3 lopies wat aangeteken moet word. Ons verloor die wedstryd met slegs 3 lopies. Speler van die wedstryd is Fanie Wessels. Baie geluk met jul mooi prestasie. Gortopaan hou daarvan as die Molopo manne so bietjie stil gemaak word.

Fanie Wessels was die speler van die wedstryd teen Molopo o/11.

STERRETJIE

11 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 16

## Bloemhof loop ons onder stof.

Heinie Kohn was speler van die wedstryd teen Bloemhof.

Verlede Vrydag het die o/15-span na Bloemhof gereis om daar te gaan speel. Gortopaan het maar weer net gesien dat hierdie spel met die rooi klip 'n manier het om jou nederig te hou. Ons span het maar gesukkel teen Bloemhof. Ons wen weereens die loot en kolf eerste. Janna van der Linde teken 20 lopies aan en Heinie Kohn kry 23, maar dit is waar dit gestop het. Ons word uitgeboul vir 'n skamele 83 lopies. Heinie Kohn was ook ons beste bouler, maar niemand kon sukses met die bal behaal nie. In die 13de beurt steek Bloemhof ons totaal verby.

Speler van die wedstryd is Heinie Kohn. Baie geluk!

## Ruiters skitter op Schweizer

Dametjies wat kan perdry: Melissa Mentz [1ste], Chantell Panther [2de, bes voorbereide perd], Alecia Fourie [4de] – Uithourit – Schweizer.

Verlede naweek het van ons skool se leerders aan 'n uithourit op Schweizer-Reneke deelgeneem en pragtig presteer. Die rit was oor 120 km, nou moet Gortopaan sê, ek ry nie eers so ver met 'n motorfiets nie! In die junior afdeling is Melissa Mentz eerste, Chantell Panther behaal die tweede plek en sy verower die prys vir die bes voorbereide perd, en Alecia Fourie eindig vierde. In die standaard gewigsafdeling is Gerrie Vorster die wenner. Wat die prestasies nog meer merkwaardig maak, is dat al 4 die ruiters Springbok tye gery het.

Regs: Vorster– wenner van Standaardgewigsafdeling op Schweizer.

Dit beteken maar net dat indien hulle weer so ‘n tyd ry, hulle in aanmerking kan kom vir die Noordwes span. Pragtig julle 4, ons is trots op julle.

## O/9’s swaai die wilgerlat

Christiaan Bester – speler van die wedstryd teen Voorbereiding Skool.

Verlede Dinsdag het die o/9-span hul eerste wedstryd hier tuis teen Voorbereiding Skool van Vryburg gespeel. Ons kolf eerste en teken 54 lopies aan. Gelukkig het ons ‘n man met die naam Ekstra in ons span, want hy het baie lopies bygedra. Aan die ander kant, as die Vryburgers reguiter geboul het, kon ons meer lopies geslaan het.
Vryburg gaan kolf toe en steek ons totaal verby met net 2 paaltjies plat. Ruaan Wiid en Erwie Griesel neem elk 1 paaltjie vir 19 lopies en Janco Scheepers se syfers is 0 vir 6 terwyl Theodor van Rensburg 0 vir 12 behaal. Ons verloor die wedstryd met 8 paaltjies. Maar moet nie die span weggooi nie, hulle sal nog regkom. Speler van die wedstryd is Christiaan Bester. Baie geluk.

**Neem kennis van webwerf**
Soos reeds vroeër berig, beskik die skool nou oor ‘n webwerf. Daarop sal u alle inligting oor die skool kry. Selfs Sterretjie (Sien Nuusblad) pryk in al sy glorie daarop. Gaan besoek die werf, lees wat gesê word, en lewer kommentaar en gee voorstelle. Dit sal baie waardeer word. Maak ook die adres aan oud-skoliere bekend, dan kan hulle sommer in voeling met hul alma mater bly.
Die adres is: **www.stellaskool.co.za.**

**Stelllasport is kerngesond.**
Op alle sportterreine is daar aanduidings dat Hoërskool Stella op sportgebied vanjaar net so goed of beter as verlede jaar gaan presteer. Die ontwikkeling en verbetering van laerskoolsportspannetjies is veral verblydend. Sterretjie was die afgelope tyd propvol nuus van voortreflike sportprestasies. Statistiek toon dat daar geen rede is om koppe te laat hang nie.

Neem asseblief kennis dat die Skool nie ‘n missie het om een sportsoort bo ‘n ander te stel nie. Dit is bevooroordeeld en onaanvaarbaar in ‘n opvoedkundige milieu.

Die volgende kwelpunt is by die afgelope ouervergadering aangespreek:
- Bokkiekleure vir krieket.

Ten opsigte van Bokkiekleure is dit belangrik om in gedagte te hou dat hierdie opsie slegs vir rugby en netbal bespreek is voor die aanvang van die winterseisoen. Op grond

hiervan kon die hoofrugby- en netbalafrigters ingeligte besluite neem en hul keuses vir skoolkleure daarvolgens bepaal. Die moontlike toekenning van skoolkleure vir Bokkiekrieket word tans ondersoek. Die belangrikste kwelpunt is: die status van ‘n Stellalandkrieketspan teenoor ‘n Noordweskrieketspan wat kwotaspelers insluit. Die Stellaland bokkiekrieketspan sluit nie spelers van die Potchefstroom / Klerksdorparea in nie. As gevolg van die laat kennisgewing en gebrek aan strukture, word voorgestel (nog nie aanvaar) dat alle Stellaland Bokkiespanspelers vanjaar beloon sal word met skoolsertifikate vir verdienstelikheid.

Die versoek vir voldoende kommunikasie tussen afrigters en ouers verdien meriete. Neem asseblief kennis dat ten opsigte van Bokkiekrieketproewe vir laerskoolspelers, kennis per faks op 17 Augustus ontvang is. Die proewe is gehou op 21 Augustus. Wat Noordweskrieket betref, staan die skool onder verpligting om spelers te nomineer. Meer jonger spelertjies sal in die toekoms genomineer word sodat hul talent waargeneem kan word op hoër vlak.

Die Skool neem met hartlike dank kennis van die volgende volwassenes wat ondersteun met sportafrigting, sportvervoer en die hantering van wedstryde: Adriaan Bester, Bennie van Vreden, Kobus Moolman, Kobus de Wet, Hendrik van der Linden, Gene de Villiers, Dawie Byleveld, Wors Bredenkamp, Bessie Jacobs, Corrie van Zyl, Elmarie Wessels, Gert Cilliers, Celestin Crafford, Sarel Bezuidenhout, Johan Vorster, Martin Kriel, Jo Maree, Dana Wiid, Liezel Wiid, Flip Wessels, Hanlie Maree, Steven Stander, Stephan Niemann, Frik Beukes, Mannetjie Vorster, Raubé Malan, Zabé le Roux, Ina Steyn en Wouter Mentz. (Indien name uitgelaat is, laat weet ons gerus.)

‘n Geleerde het onlangs die stelling gemaak dat ‘n skool se groei hoofsaaklik bepaal word deur gesonde ouerbetrokkenheid. Dit lyk asof Hoërskool Stella sal bly staan selfs wanneer sommige dorpe en stede geskiedenis is.

Gortopaan hoop dat u die naweek saam met u kroos sal geniet. Aan die leerders, vasbyt, die einde is in sig. Sit maar hand aan die ploeg vir die laaste twee weke, jy sal die vrugte daarvan pluk. Baie sterkte aan al die Curriebekerspanne, veral die met gestreepte truie. Mog die Bokke nou Saterdag goed wakker word en die Drie nasies sommer klaar wen.

Langenhoven het gesê: Waardeer die werk van jou vrou. Jy kan nie op die aarde ‘n ander kneg kry vir dieselfde diens en dieselfde prys nie.

Mooi loop.

*Gortopaan.*